

23 Junie

Johannes 6:37-44, (Teks: 6:44)

Gedwonge genade

As 'n mens 'n kind vir 'n inspuiting moet neem, is dit dikwels 'n moeilike taak. Die spuitnaald is 'n verskrikking. By die kliniek is daar nie veel simpatie nie; dis nog 'n taak wat maar uitgevoer moet word. Vir 'n ouer is dit 'n hartverskeurende taak. Hy is self bang vir 'n inspuiting, hy wil nie sy kind laat seerkry nie.

Tog is dit iets wat gedoen móét word vir die kind se beswil. Sommige kinders sal wegrem, vasskop sodat hy, alle weerstand in sy klein lyfie sal gebruik om die pyn te vermy. Met die inspuiting toegedien, word baie siektes vermy - wat die kind nie op daardie oomblik beseef nie.

So is die sondaar ook. As dit van onself afgehang het, sou ons nie die genade van die Here opgesoek het nie (Rom. 3:11). Wat doen God?

Ons teksvers sê dat hy ons *trek*. Soos daardie kind getrek moet word, trek Hy ons uit die rebelse sondelewe na sy genade toe en verseker ons deur sy Seun dat Hy diegene wat Hy na Hom toe getrek het *nooit* sal verwerp nie. Hoewel ons nie soek of vra na sy genade nie, trek Hy ons tot ons eie beswil.

So word ons gedwing om te deel in sy genade.

Sing: Psalm 59:10

Ds. H.F. van Wyk (Primrose)